

Die Vergelyking in die Afrikaanse Volkstaal

Die Vergelyking in die Afrikaanse Volkstaal

deur

Dr. B. KOK



J. L. VAN SCHAİK, BEPK., PRETORIA
1942

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers, Pretoria.

AAN MY OUERS,

*in dankbaarheid vir alles wat hulle opgeoffer het om my studies
vir my moontlik te maak.*

INHOUDSOPGAWE.

	Els.
HOOFSTUK I.	
Die Volksvergelyking	11
HOOFSTUK 2.	
Die Vorm.	
(a) Die Uiterlike Vormgestalte	24
(b) Uiterlike Vormverskynsels.	
(i) Alliterasie	29
(ii) Rym	31
(iii) Kontras en Parallelisme	32
(c) Innerlike Vormverskynsels.	
(i) Ironie	33
(ii) Woordspeling en Synesthesie	34
(iii) Hiperbool en Eufemisme	34
HOOFSTUK 3.	
Die Inhoud.	
(a) Die Inhoud deur die Omgewing bepaal	36
(b) Die Boerdery	38
(c) Die Ossewa	40
(d) Die Dierewêreld en die Jag	41
(e) Die Bodem en die Weersgesteldheid	45
(f) Die Huishouding	45
(g) Die Bybel	46
(h) Historiese Figure en Spreekwoordelike Persoonlik- hede	49
(i) Rasse en ander Persoonsgroepe	51
(j) Kultuurtoestande en Volksgewoontes	54
(k) Die Volksgeloof	57
HOOFSTUK 4.	
Oorerwing	63
HOOFSTUK 5.	
Vergelykinge by Selfstandige Naamwoorde	73
HOOFSTUK 6.	
Vergelykinge by Werkwoorde	95
HOOFSTUK 7.	
Vergelykinge by Byvoeglike Naamwoorde	147
Bibliografie	218

VOORWOORD.

Die lewende, natuurlik-frisse volkstaal met sy skilderagtige, ongedwonge, onverwaterde uiting het vir my nog altyd 'n buitengewone bekoring gehad, nie die minste nie omdat ek daarin gesien het 'n weerkaatsing van die aard, die denkvermoë, die geestesstruktuur van die volk self. My doel met hierdie studie is dus om die volksvergelyking as 'n geliefde uiting en kenmerkende onderdeel van die volkstaal na te gaan; om dit in oorsprong en wese, in aard en funksie nader te bekyk. In die alledaagse omgangstaal speel die vergelyking so'n oorwegend-belangrike rol dat dit geen sin het om alleen die reeds spreekwoordelik-bekende uitdrukkinge op te som nie. Daarom word hierin behandel nie soseer die **'volksvergelyking'**, as die **'vergelyking in die volkstaal'**; nie soseer die oorbekende konvensionele gesegde nie as die groot aantal vergelykinge wat in die spreektaal gebruiklik is en wat die alledaagse gesprek versier. Naas vaslegging van die groot hoeveelheid vorminge in Afrikaans het ek myself probeer rekenskap gee van die vergelykingsverskynsel gesien vanuit sielkundige sowel as taalkundige hoek.

Iedereen sal begryp dat dit 'n onbegonne taak is om 'n enigszins volledige versameling te gee van al die bekende vergelykinge, soos dit oor die lengte en breedte van die land in die volksmond gehoor word. Sonder om na volledigheid te strewe is hierdie versameling nietemin verteenwoordigend van ons hele uitgestrekte taalgebied. Ek voel dit egter as 'n leemte dat dit nie moontlik was om in elke geval presies vas te stel hoe gangbaar 'n uitdrukking is en of die gebruik daarvan tot 'n bepaalde taalkring beperk is nie. Net so moeilik word dit in sommige gevalle om te besluit wanneer 'n uitdrukking alreeds verouderd is en wanneer dit in gebruiksomvang uitbrei of inkrimp. Sover as moontlik word aangetoon in watter streek of gewes die vergelyking die bekendste is, maar waar die naam van een of meer plekke agter 'n vergelyking verskyn, beteken dit nie noodwendig dat die uitdrukking alleen in daardie gebied gehoor word nie. Sonder om ander plekke uit te sluit, word daardeur alleen positief te kenne gegee dat die vergelyking in daardie streek gehoor is en 'n mate van bekendheid verwerf het.

In die meeste gevalle is die bewyse vir 'n mate van gangbaarheid van 'n bepaalde voorbeeld van meer as een bron afkomstig. Heelwat snedige en inhoudryke vergelykinge is voorlopig agterweë gelaat, omdat nie met sekerheid vasgestel kon word in hoeverre ons hier slegs te doen het met individuele skeppinge wat spontaan ontstaan het en nog nie tot die volkstaal gereken kan word nie. Waar voorbeelde uit romans en ander werke van belletristiese aard aangehaal word, wil ek daardeur geensins te kenne gee dat dergelyke uitdrukkinge

tot die algemene taalskat behoort nie. Soos opgemerk sal word, lewer daardie voorbeelde meestal treffende bewyse van die bekendheid van uitdrukkinge wat reeds uit ander bronne vermeld word, of kry 'n mens daar interessante en sappige variante van reeds bestaande vergelykinge.

By gebrek aan die nodige bronne is die stof grotendeels deur persoonlike waarneming en navraag versamel. Daar is ruim gebruik gemaak van alle moontlike Afrikaanse geskrifte, van tydskrifte, van die korrespondensie-rubrieke in koerante; kortom, van alle moontlike hulpmiddels waardeur 'n beeld verkry kon word van die natuurlike, onvervalste volkstaal. Van besonder veel waarde was die inligting wat verkry is van onderwysers, wat met behulp van hulle leerlinge die gangbaarheid van sekere uitdrukkinge getoets het en verder tipiese voorbeelde uit hulle eie streke versamel het. By die nagaan van die lyste het dit 'n mens dikwels opgeval hoe verspreid die gebruik van 'n groot aantal eienaardige en min of meer onbekende vergelykinge was, en hoe ander voorbeelde daarenteen alleen in sekere streke gangbaarheid verkry het.

In die inleidende hoofstukke word die illustrerende vergelykinge sonder meer genoem. Verdere besonderhede verskyn vir elke geval by die alfabetiese rangskikking van die groep waaronder die vergelyking tuishoort.

My belangstelling vir die onderwerp wat hier behandel word is tydens my studietyd in Holland gestimuleer deur die geesdriftige taalkundige, Prof. Dr. C. G. N. de Vooy van Utrecht. Aan hom is ek baie dank verskuldig vir sy insiggewende kolleges, vir persoonlike aanmoediging en advies en veral vir sy toestemming om voorbeelde te gebruik uit sy eie versameling uitdrukkinge.

Verder my innige dank aan Prof. Dr. D. F. Malherbe en Prof. Dr. H. v. d. M. Scholtz van die U.K.O.V.S., vir die blywende belangstelling in die taalkunde wat hulle inspirerende lesings by my gewek het, vir goeie advies, welwillende leiding en leersame besprekings; aan Prof. Malherbe veral vir die bereidwilligheid om te midde van tydrowende en belangriker werksaamhede op te tree as my promoter.

Ten slotte wil ek my hartlike dank betuig aan die onderwysers wat op uiters onbaatsugtige wyse vergelykinge uit hulle omgewing versamel het en aan my toegestuur het. Dit het nie alleen gehelp om die stof aansienlik uit te brei nie, maar het dit ook moontlik gemaak om die verbreiding van die uitdrukkinge tot op 'n sekere hoogte vas te stel.

Graag spreek ek ook my erkentlikheid uit teenoor mnr. L. W. Hiemstra van Bloemfontein vir nuttige wenke in verband met die persklaar-maak van die manuskrip; en teenoor die Univ. van S.A. vir toestemming tot publikasie van hierdie werk wat in sy oorspronklike vorm as 'n akademiese proefskrif ingehandig is.